

## 2. AFRIKAANSE NAME

### 2.1 *Nederlandse Vorme van Name*

In sy inleidende paragraaf onder hierdie hoof was dit vir die Komitee van 1951 nodig om te verduidelik waarom hy sekere plekname wat voor daardie datum (1951) in 'n Nederlandse taalvorm onder ons oë gekom het, verafrikaans het en het hy gesê dat hy hier “een van die grootste moeilikhede in verband met sy taak ondervind” het. Die oorskakeling van Nederlands tot Afrikaans as amptelik erkende taal is nou algemeen bekende geskiedenis en hoef nie hier herhaal te word nie, behalwe dat gesê moet word dat wat die 1951-komitee as een van sy grootste moeilikhede beskou het, so algemeen deur die publiek aanvaar is dat ons tans skaars bewus is van die groot probleem waarvoor hy destyds gestaan het. Hy was bewus van die feit dat 'n groot deel van die publiek nog vasgehou het aan die ou tradisionele Nederlandse vorme van sekere plekname. Ten spyte hiervan het hy “verafrikaansing as algemene beginsel aanvaar”, maar tegemoetkomend gestaan “waar, in die geval van ou gevestigde name, 'n aansienlike gedeelte van die publiek groot waarde aan die tradisionele skryfwyse heg”, hy “die oorgelewerde Nederlandse vorm en spelling behou” het, ook in gevalle waar name “moeilik verafrikaansbaar” was “sonder om hulle haas onherkenbaar te maak”. Die uitwerking van hierdie beginsels is oorbekend by name soos *Avondzon*, *De Doorns*, *Franschhoek*, *Goedgevonden*, *Stellenbosch*, *Volksrust* en *Zeerust*.

Die huidige Komitee handhaaf nog steeds die algemene beginsel van verafrikaansing wat vorme soos *Blouberg*, *Bloubergstrand*, *Kaapsehoop*, *Noupoort* opgelewer het. Soms ontvang hy nog aansoeke om die herstel van die ou Nederlandse skryfwyse wat na die meriete daarvan behandel moet word. In die reël ondervind die Komitee egter geen ernstige moeilikhede in dié verband nie.

### 2.2 *Spelling en Skryfwyse van Afrikaanse Plekname*

Wat die *spelling* van Afrikaanse plekname betref, het daar geen verandering sedert 1951 ingetree nie, en die gewone Afrikaanse spelreëls word in hierdie uitgawe toegepas. Daar is egter gevalle waar die huidige Komitee afgewyk het van die *skryfwyse* wat sy voorganger gevolg het, waarop hieronder gewys sal word.

2.2.1 Soos in die uitgawe van 1951 het die Komitee in gevalle waar twee woordvorme moontlik is, die voorkeur gegee aan dié vorm wat, volgens gegewens tot sy beskikking, die mees gebruikelike in die omgewing is, en daar is geen poging aangewend om byvoorbeeld by *laagte* en *leegte*, *olien* en *oliewen*, *put* en *puts*, *wilge* en *wilger* en soortgelyke wisselvorme eenvormigheid te verkry nie.

2.2.2 Dit geld ook ten opsigte van familienaam wat verskillend geskryf word, bv. *Camfer* en *Kamfer*, *Coetzee* en *Koetzee*, *Esbach* en *Espag*, *Gous* en

## 2. AFRIKAANS NAMES

### 2.1 Dutch Forms of Names

In its introductory paragraph under this heading, the 1951 Committee found it necessary to explain why it had given Afrikaans forms for certain place names which before that date (1951) had always “appeared in the Nederlands variety of the Dutch language” and added that “this produced one of the greatest difficulties encountered by the Committee in its task”. The switch from Dutch to Afrikaans as an official language is now known history and need not be recapitulated here, except to say that the results of the work which the 1951 Committee regarded as one of its major tasks have been so generally accepted by the public that today we are hardly conscious of the problem it had to contend with. Members were aware of the fact that a large section of the public still clung to the old traditional Dutch forms of certain place names. In spite of this, “it adopted the general principle of giving names an Afrikaans form”, but at the same time adopted an accommodating attitude by retaining “the traditional Nederlands spelling of names to which a considerable section of the public” was “greatly attached”, also in cases where the old Nederlands form “would become unrecognizable in an Afrikaans form”. The effects of these principles are known to everyone in names such as *Avondzon*, *De Doorns*, *Franschhoek*, *Goedevonden*, *Stellenbosch*, *Volksrust* and *Zeerust*.

The present Committee still maintains the general principle of giving appropriate names an Afrikaans form. This has produced forms such as *Blouberg*, *Bloubergstrand*, *Kaapsehoop*, *Noupoort*. Occasionally it still receives applications for the restoration of old Dutch forms which have to be decided on their merits. On the whole, however, the Committee does not experience any serious difficulties in this regard.

### 2.2 Spelling and Styling of Afrikaans Place Names

In the *spelling* of Afrikaans place names, no changes have been introduced since 1951, and in this edition the current orthographic rules of Afrikaans have been applied. There are, however, cases where the present Committee has deviated from the *styling* adopted by its predecessor, as will be shown below.

2.2.1 As in the 1951 edition, the Committee has, in cases where two word forms are possible, given preference to the form which is, according to the evidence available, the most usual in the neighbourhood concerned, and has made no attempt to ensure uniformity, e.g. in regard to *laagte* and *leegte*, *olien* and *oliewen*, *put* and *puts*, *wilge* and *wilger* and similar variants.

2.2.2 This applies also to surnames with different spellings, e.g. *Camfer* and *Kamfer*, *Coetzee* and *Koetzee*, *Esbach* and *Espag*, *Gous* and *Gouws*, *Hendriks*

*Gouws, Hendriks en Hendrikz, Lombaard en Lombard, Swart en Zwart, Teslaar en Tesselaar, Van Rhyn en Van Ryn, Wagenaar en Wagener.*

- 2.2.3** Die 1951-komitee het rede gehad om in 'n hele aantal gevalle klaarblyklike foute in die spelling van Afrikaanse plekname te verbeter soos *Afsheid* (nie *Afskuit* nie), *Apiesrivier* (nie *Aapiesrivier* nie), *Frisbrug* (nie *Vrischbrug* nie), *Rysmierbult* (nie *Reismierbult* nie), *Varswater* (nie *Farswater* nie). Weens die groter geletterdheid van die publiek in die Afrikaanse taal kom sulke foute egter teenswoordig selde voor by name wat aan die Komitee voorgelê word, hoewel daar tog nog van tyd tot tyd verbeterings deur die Komitee in hierdie opsig aangebring moet word.
- 2.2.4** Die Komitee het heelwat tyd bestee aan probleme in verband met die spelling van name met *rand/rant* en *stad/stat* as komponente. In die Lys oorheers name met die *d*-spelling in albei groepe in weerwil van die aanvaarde betekenisverskil tussen die *d*- en die *t*-spelling. Eindelik het die Komitee besluit:
- (1) dat die *rand*- en die *rant*-name wat reeds bestaan onveranderd bly en dat nuwe name met hierdie komponente goedgekeur sal word met die spelling waarmee hulle aan die Komitee voorgelê word;
  - (2) dat alle bestaande name met die *stat*-spelling (daar is net 'n stuk of vyf van hulle in die Lys) voortaan met slot-*d* geskryf sal word, behalwe in die geval van *Dingaanstat* (met slot-*t*) wat om historiese redes sy bestaande spelling sal behou.
- 2.3 Name waarvan die Vorm en Samestelling verduidelik moet word**
- Ter wille van belangstellendes het die 1951-komitee sekere name en veral die skryfwyse daarvan verduidelik omdat hulle anders onbegryplik sou wees vir diegene wat "nie die geskiedenis daarvan ken nie". Om dieselfde rede herhaal ons die vier groepe wat die 1951-komitee onderskei het:
- 2.3.1 Omkerings.**—Dikwels word familienaam (wat nie sonder meer as plekname toelaatbaar is nie (sien I.1.1 (ii) hierbo) net omgedraai, bv. *Ednil* (Linde), *Eeram* (Maree), *Nilsne* (Enslin), *Reivilo* (Olivier), *Retseb* (Bester), *Tretsom* (Mostert).
- Soms ruil net twee lettergrepe om, bv. *Domstry* (Strydom).
- 2.3.2 Verbindings.**—Familienaam, voorname of titels en familienaam, persoonsnaam en plekname, ens., kan verbind word, bv. *Bouwerrandt* (Bouwer en Durandt), *Brugo* (Bruwer en Hugo), *Davscholtz* (David Scholtz), *Erand* (Erasmus en Randjiesfontein), *Komlomb* (Kommandant Lombard).
- 2.3.3 Verkortings.**—Persoons- en plekname word soms in verkorte vorm weergegee, bv. *Krudoring* (Kruger en *doring*), *Merville* (Van der Merwe en *ville*), *Milkop* (Middelkop), *palfon* (Palmietfontein), *Wilbotsdal* (Willem Botha en *dal*), *Wildhoen* (Wildehoenderkraal).

and *Hendrikz*, *Lombaard* and *Lombard*, *Swart* and *Zwart*, *Teslaar* and *Tesselaar*, *Van Rhyne* and *Van Ryn*, *Wagenaar* and *Wagener*.

2.2.3 The 1951 Committee had occasion to correct a number of obvious errors in the spelling of Afrikaans place names, e.g. *Afskeid* (not *Afschuit*), *Apiesrivier* (not *Aopiesrivier*), *Frisbrug* (not *Vrischbrug*), *Rysmierbult* (not *Reismierbult*), *Varswater* (not *Farswater*). Owing, however, to the greater measure of literacy of the public in the Afrikaans language, such errors are very seldom encountered today in names submitted to the Committee, although the Committee still has to make corrections in this respect from time to time.

2.2.4 The Committee has discussed at some length problems relating to the spelling of names compounded with *rand/rant* and *stad/stat*. In the List names with the *d* spelling predominate in both groups, notwithstanding the accepted difference of meaning between the *d* and the *t* spelling. The Committee has now decided:

(1) that the spelling of the existing *rand* and *rant* names will remain unchanged and that new names containing either of these elements will be approved with the spelling with which they are submitted to the Committee;

(2) that all existing names with the *stat* spelling (there are only some five of them in the List) will in future be written with a *d*, except in the case of *Dingaanstad* which, for historical reasons, will retain its present spelling (with a *t*).

### 2.3 *Form and Composition of certain Names elucidated*

For those who were interested in the subject, the 1951 Committee explained certain names and especially the form in which they were written, since they might have appeared puzzling to those "not acquainted with the history of each case". For the same reason we here repeat the four groups distinguished by the 1951 Committee:

2.3.1 *Inversions*.—Place names have quite frequently been made by simply reversing the spelling of surnames (which are not admissible as such without some change, cf. 1.1.1 (ii) above), e.g. *Ednil* (Linde), *Eeram* (Maree), *Nilsne* (Enslin), *Reivilo* (Olivier), *Retseb* (Bester), *Tretsom* (Mostert).

Sometimes two syllables are interchanged, as in *Domstry* (Strydom).

2.3.2 *Compounds*.—Surnames, first names or titles and surnames, names of persons and place names, etc., may be compounded, e.g. in *Bouwerrandt* (Bouwer and Durandt), *Brugo* (Bruwer and Hugo), *Davscholtz* (David Scholtz), *Erand* (Erasmus and Randjiesfontein), *Komlomb* (Kommandant Lombard).

2.3.3 *Abbreviations*.—Sometimes the names of persons and places are represented in a contracted form, e.g. *Krudoring* (Kruger and *doring*), *Merville* (Van der Merwe and *ville*), *Milkop* (Middelkop), *Palfon* (Palmietfontein), *Wilbotsdal* (Willem Botha and *dal*), *Wildhoen* (Wildehoenderkraal).

2.3.4 *Letter- en lettergreekname*.—Miskien moet lettername soos *Eljeesee* (L.J.C.) en ook lettergreekname soos *Delmyn* (*Delwery* en *mynbou*), *Renovaal* (*Renosterrivier* en *Vaalrivier*), *Rhemardo* (*Rheeders*, *Marais*, *Doreen*) hierby gereken word.

#### 2.4 *Samestellings, Samekoppelings en los Verbindings*

Hieronder word 'n poging aangewend om die beginsels vir die skryfwyse (met hulle uitsonderings) van die verskillende soorte verbindings van plekname hierbo genoem, uiteen te sit, sonder om hulle in groepe streng onder die verskillende hoofde (samestellings, samekoppelings en los verbindings) te probeer indeel.

2.4.1 *Samestellings*.—Vir die huidige Komitee lewer die skryfwyse van samestellings net so min moeilikheid op as vir sy voorganger. Die Afrikaanse skryfwysereël, naamlik dat samestellings aaneen (of met koppeltekens) geskryf word, staan volkome vas en aaneenskrif is die algemene reël by 'n baie groot groep name, soos *Aalwyndraai*, *Bultfontein*, *Doringpoort*, *Kommandonek*, *Leeudam*, *Naboomspruit*, *Olyfberg*, *Palmietkuil*, *Rietbokvlei*, *Sandvlakte*, *Tafelberg*, *Varingdal*, *Wilgerpark* en *Ysterplaat*. Waar sulke name 'n samestelling vorm wat weens die bymekaarkom van sekere klinkers enigsins onoorsigtelik sou wees, word duidelikehalwe 'n koppelteken gebruik, bv. *Perde-eiland*, *Jooste-eiland*.

#### 2.4.2 *Plekname met verbindings -s*

2.4.2.1 *Plekname wat met persoonsname saamgestel is*, kry meestal 'n verbindings -s tussen die dele, bv. *Adriaanskrans*, *Albertynsvlei*, *Allemandfontein*, *Bassonsdrif*, *Buhrmannsdrif*, *Daniëlskuil*, *Krugersdorp*, *Norvalspont*, *Ventersdorp*. Daar is egter talryke uitsonderings, byvoorbeeld *Bothakrans*, *Eksteenfontein*, *Heystekrand*, *Joostehoop*, *Merwehoop*, *Plettenbergbaai*, *Wissingdal*.

2.4.2.2 *Persoonsname met -ville saamgestel*, kry gewoonlik geen verbindings -s nie, bv. *Bothaville*, *Delareyville*, *Leipoldtville*, *Rouxville*, *Steytlerville*, maar daar is ook weer uitsonderings op hierdie uitsondering, bv. *Mollersville*, *Schoemansville*, *Ventersville*.

2.4.2.3 *By plekname met dier- en plantname saamgestel*, wissel die gebruik ook wat die verbindings -s betref, bv. *Duikerrivier*—*Duikersdal*, *Klawerkuil*—*Klawershoek*, *Koedoedraai*—*Koedoespoort*, *Lemoenplaas*—*Lemoenshoek*, *Uilkraal*—*Uilspoort*, *Ystervarkfontein*—*Ystervarkspoort*.

2.4.2.4 *Daar kom 'n paar name in die Lys en die lyste van die Kantoor van die Direkteur-generaal van Opmetings (hierin Opmetingslyste genoem) voor wat, hoewel hulle uit 'n werkwoord en 'n selfstandige naamwoord saamgestel is, tog 'n verbinding -s kry (iets wat heel selde in Afrikaans gebeur)*, bv. *Baljaarsbank*, *Sneuwelfontein*, *Soebatsfontein* en *Vernielshoek*.

(*Opm.*—Vir hierdie en ander name wat in die *Inleiding* as voorbeelde gebruik word, maar nie in die *Lys* voorkom nie, sien die verklaring in par. 5.1.2.2.)

2.3.4 *Spelled-out and syllable names.*—Names formed from spelled-out initials, such as *Eljeese* (L.J.C. in Afrikaans), and also those built up from syllables taken from the full name, e.g. *Delmyn* (*Delwery* and *mynbou*), *Renovaal* (*Renosterrivier* and *Vaalrivier*), *Rhemardo* (*Rheeders*, *Marais* and *Doreen*), may conveniently be classified with the above.

#### 2.4 *Compounds, solid and open Combinations*

In the following paragraphs an attempt has been made to set out the principles (with their exceptions) governing the Afrikaans styling of the various types of compounded place names referred to above, without attempting any strict classification under the Afrikaans headings, viz *samestellings*, *samekoppelings* and *los verbindings*, herein arbitrarily referred to as compounds, solid and open combinations, respectively.

2.4.1 *Compounds.*—The present Committee has experienced as little difficulty in the styling of Afrikaans compounds as its predecessor had. The Afrikaans rule that compounds are written solid or with hyphens is firmly established, and solid or close styling is the general rule in a very large group of names, such as *Aalwyndraai*, *Bultfontein*, *Doringpoort*, *Kommandonek*, *Leeudam*, *Naboomspruit*, *Olyfberg*, *Palmietkuil*, *Rietbokvlei*, *Sandvlakte*, *Tafelberg*, *Varingdal*, *Wilgerpark* and *Ysterplaat*. Where such names form a compound the parts of which would not be easily distinguishable owing to the juncture of certain vowels, a hyphen is used between the parts, e.g. *Perde-eiland*, *Jooste-eiland*.

#### 2.4.2 *Place names joined by s.*

2.4.2.1 In place names compounded with **personal names** the parts are, in the majority of cases, joined by *s*, e.g. *Adriaanskrans*, *Albertynsvlei*, *Allemansfontein*, *Bassonsdrif*, *Buhrmannsdrif*, *Daniëlskuil*, *Krugersdorp*, *Norvalspont*, *Ventersdorp*, although there are numerous exceptions, e.g. *Bothakrans*, *Eksteenfontein*, *Heystekrand*, *Joostehoop*, *Merwehoop*, *Plettenbergbaai*, *Wissingdal*.

2.4.2.2 Personal names compounded with **-ville** are not usually joined by *s*, e.g. *Bothaville*, *Delareyville*, *Leipoldtville*, *Rouxville*, *Steytlerville*. There are also exceptions to this rule, however, such as *Mollersville*, *Schoemansville*, *Ventersville*.

2.4.2.3 The use of the connecting *s* varies in place names compounded with **names of animals and plants**, as may be seen from, e.g. *Duikerrivier*—*Duikersdal*, *Klawerkuil*—*Klawershoek*, *Koedoedraai*—*Koedoespoort*, *Lemoenplaas*—*Lemoenshoek*, *Uilkraal*—*Uilspoort*, *Ystervarkfontein*—*Ystervarkspoort*.

2.4.2.4 In the List and in the lists of the Office of the Director-General of Surveys (herein referred to as Surveys lists) there are a few names which, although they are composed of a **verb** and a **noun**, are nevertheless written with a connecting *s* (a very rare occurrence in Afrikaans), e.g. *Baljaarsbank*, *Sneuwelfontein*, *Soebatsfontein* and *Vernielshoek*.

(Note.—For these and other names used as examples in the *Introduction* but not appearing in the *List*, see the explanation in par. 5.1.2.2.).

- 2.4.3 *Samekoppelings en ander verbindings*.—Daar kom baie plekname voor wat uit samekoppelings en ander verbindings bestaan wat in die gewone skryftaal nie as eenhede behandel sou word nie, maar as een woord (of met 'n koppelteken) geskryf word waar hulle plekname vorm, hoewel daar gevalle is waar die los skryfwyse gehandhaaf word. Voorbeelde volg hieronder.
- 2.4.3.0 Daar is 'n baie groot groep plekname wat uit samekoppelings van 'n **byvoeglike naamwoord**, verboë of onverboë, met 'n **substantief** bestaan, soos *Agtertuin, Brakpan, Breërivier, Diepkloof, Enkeldoring, Fraaiplaas, Geelbult, Hardeboom, Kaalvlakte, Langlaagte, Middelburg, Nuweland, Platberg, Rondebosch, Rooihoogte, Soetdorings, Swartwater, Vaalwater, Valsbaai*. Waar 'n naam weens die bymekaarkom van sekere klinkers enigsins onoorsigtelik sou wees, word duidelikheidshalwe 'n koppelteken gebruik, bv. *Goeie-uitsig, Mooi-uitkoms, Mooi-uitkyk*.
- 2.4.3.1 *Samekoppelings met Ou, Oude, Oudste en Nuwe* val ook onder hierdie reël, bv. *Ouberg, Oubos, Ouboskolk, Oudegracht, Oudekloof, Oudemuragie, Oudsterivier; Nuwebegin, Nuweland, Nuweplaas*. Daar is egter uitsonderings op hierdie reël:
- (i) Waar *Ou* en *Nuwe* voor 'n naam staan wat 'n selfstandige pleknaam is of kan wees en waar hulle moontlik onderskeidende of teenstellende toevoegings aan die naam kan wees, word hulle op dieselfde wyse behandel as al die ander toevoegings in 2.4.3.3 hieronder genoem, m.a.w. hulle word met 'n koppelteken aan die naam verbind, bv. *Ou-Beervlei, Nuwe-Brandkraal* en *Nuwe-Smitsdorp*.
  - (ii) Waar die "los" skryfwyse van 'n pleknaam met *Oude* 'n lang tradisie het, word dié skryfwyse behou, bv. *Oude Molen, Oude Schip, teenoor Oudegracht, Oudekloof* en *Oudemuragie*.
  - (iii) Waar *Ou* voor 'n pleknaam meer 'n beskrywing as deel van die naam is, of waar *Ou* voor 'n persoons- of bynaam staan, word *Ou* los geskryf, bv. *Ou Delagoabaaiwapad, Ou Handelspos, ens.; Ou Thomas se Loop, Ou Eendop se Kop*.
- 2.4.3.2 In die Lys kom daar 'n aantal plekname voor wat eintlik byname is wat uit 'n byvoeglike naamwoord plus 'n voornaam bestaan, bv. *Lekkerjan, Platjan, Rooijoggem, Rooipiet*. Dergelike name kom in die Opmetingslyste in los verbindings, soos *Dikjan se Punt, Geeljan se Sloot, Witjan se Put*, asook in aaneengeskrewe vorm, bv. *Bloupietrivier, Swartklaasriet*, voor. Sulke name word in die reël as een woord geskryf en kan as model dien vir ander name wat op dieselfde manier gevorm is, bv. *Vaaljapie* ('n welbekende Kaapse jong wyn). In gevalle van hierdie aard (byvoeglike naamwoord plus 'n voornaam) waar dit nodig is om onsekerhede van uitspraak en betekenis te vermy word 'n koppelteken, gevolg deur 'n hoofletter, gebruik, bv. *Lui-Gert* (in die Opmetingslyste). Dit is in ooreenstemming met die Afrikaanse skryfwysereëls vir: (i) die aaneenskryf, met 'n koppelteken, van o.a. samekoppelings, en (ii) die gebruik van hoofletters (by eiename), agter 'n koppelteken, soos in hierdie geval.

- 2.4.3 Solid and other combinations.**—There are many place names consisting of combinations and other word groups in which the parts would remain separate in the ordinary written language, but are regarded as a unit and written solid or with a hyphen when they form place names, although there are cases where open styling is the rule. Examples follow below.
- 2.4.3.0** There are numerous place names in which **an adjective**, inflected or uninflected, is combined with **a noun** and written solid, such as *Agtertuin*, *Brakpan*, *Breërivier*, *Diepkloof*, *Enkeldoring*, *Fraaiplaas*, *Geelbult*, *Hardeboom*, *Kaalvlakte*, *Langlaagte*, *Middelburg*, *Nuweland*, *Platberg*, *Rondebosch*, *Rooihogte*, *Soetdorings*, *Swartwater*, *Vaalwater*, *Valsbaai*. Where a name forms a compound the parts of which would not be easily distinguishable owing to the juncture of certain vowels, a hyphen is used between the parts, e.g. *Goeie-uitsig*, *Mooi-uitkoms*, *Mooi-uitkyk*.
- 2.4.3.1** Combinations with *Ou*, *Oude*, *Oudste* and *Nuwe* also fall under this rule, e.g. *Ouberg*, *Oubos*, *Ouboskolk*, *Oudegracht*, *Oudekloof*, *Oudemuragie*, *Oudsterivier*; *Nuwebegin*, *Nuweland*, *Nuweplaas*. There are, however, exceptions to this rule:
- (i) Where *Ou* and *Nuwe* precede a name which is or may be an independent place name and where they may be distinguishing or contrastive additions to the name, they are dealt with in the same way as all the other additions mentioned in 2.4.3.3. below, i.e. they are joined to the place name with a hyphen, e.g. *Ou-Beervlei*, *Nuwe-Brandkraal* and *Nuwe-Smitsdorp*.
  - (ii) Where the open styling of a place name with *Oude* has a long tradition, this styling is retained, e.g. *Oude Molen*, *Oude Schip*, as against *Oudegracht*, *Oudekloof*, *Oudemuragie*.
  - (iii) Where *Ou* preceding a place name is descriptive rather than a part of the name, or where *Ou* precedes a personal or a nickname, *Ou* is written open, e.g. *Ou Delagoabaaiwapad*, *Ou Handelspos*, etc.; *Ou Thomas se Loop*, *Ou Eendop se Kop*.
- 2.4.3.2** There are a number of place names in the List which are actually *nicknames* consisting of an adjective plus a first name, e.g. *Lekkerjan*, *Platjan*, *Rooijoggem*, *Rooipiet*. Similar names appear in the Surveys lists in loose combinations, e.g. *Dikjan se Punt*, *Geeljan se Sloot*, *Witjan se Put*, as well as in solid combinations, such as *Bloupietrivier*, *Swartklaasriet*. Such names are regularly written as one word and may serve as a model for other names formed in the same way, e.g. *Vaaljapie* (a well-known Cape new wine). In cases of this type (adjective plus a first name), where it is necessary to avoid uncertainties of pronunciation and meaning, a hyphen, followed by a capital letter, is used, e.g. *Lui-Gert* (in the Surveys lists). This is in agreement with the Afrikaans styling rules on: (i) the use of hyphens in the writing of, inter alia, combinations, and (ii) the use of a capital letter (in proper names) following a hyphen, as in this case.



(Opm.—Waar onsekerheid vermy moet word in gevalle waar die tweede komponent nie 'n eienaam is nie, word net 'n koppelteken gebruik, bv. in die moontlike geval *Lui-perd*, wat anders nie van *Luiperd* te onderskei is nie.)

2.4.3.3 'n Onderskeidende of teenstellende toevoeging, soos *Agter, Voor; Bo, Boven, Onder, Onderste; Klein, Groot; Nieu, Nuwe, Ou* (sien 2.4.3.1 (i) hierbo); *Noord, Suid; Oos, Wes; Warm, Koue*, wat voor of agter 'n selfstandige pleknaam waarop dit betrekking het, staan, word met 'n koppelteken aan die eienaam verbind, bv. *Agter-Sneeuberg, Bo-Tautesberg, Klipaar-Bo, Klipaar-Onder, Waterval-Boven, Waterval-Onder, Onder-Kamma-nassie, Onderste-Brandwag, Klein-Drakenstein, Groot-Brakrivier, Koue-Bokkeveld, Nieu-Bethesda, Noord-Rand, Oos-Rand, Somerset-Oos, Riebeek-Wes*.

(Opm.—Vir die toepassing van hierdie reël is dit nie nodig dat albei lede van die betrokke paar teenstellende toevoegings in voorbeelde in die Lys voorkom soos in die geval van name soos *Groot- en Klein-Drakenstein* en *Groot- en Klein-Marico* gebeur nie. Daar is gevalle waar die voorbeelde in die Lys aantoon dat net een lid van die betrokke paar teenstellende toevoegings aan 'n bepaalde selfstandige pleknaam voorkom, bv. *Klein-Homtini, Klein-Letaba, Klein-Papkuil*, in teenstelling met *Homtini, Letaba, Papkuil*, sonder enige toevoegings, en 'n geval soos *Groot-Jongensfontein* waarvoor daar nie eens 'n blote *Jongensfontein* as teenstellende selfstandige pleknaam in die Lys voorkom nie.

Wat hier van belang is, is dat daar geen twyfel kan wees oor die aanwesigheid van 'n werklike of 'n denkbeeldige teenstelling in hierdie gevalle nie, want so 'n teenstelling word minstens in elke bepaalde geval veronderstel. So veronderstel bv. *Groot-Jongensfontein* minstens 'n *Jongensfontein* wat kleiner is, en bv. *Klein-Homtini* minstens 'n *Homtini* wat groter is. Om hierdie rede kan daar nie gesê word dat 'n veronderstelde teenstelling minder regverdiging gee vir die toepassing van die koppeltekenreël in hierdie gevalle as die eksplisiete teenstelling in bv. 'n geval soos *Groot- en Klein-Marico* nie.)

Wat hier gesê is, geld *mutatis mutandis* vir al die onderskeidende of teenstellende toevoegings hierbo genoem, bv. *Agter/Voor, Bo/Onder, Noord/Suid, Oos/Wes*.

As so 'n toevoeging egter voor 'n gewone woord staan wat nie 'n selfstandige pleknaam is nie, word die naam gewoonlik aaneen geskryf, bv. *Bovlei, Onderkop, Onderstedorings, Onderstepoort, Grootdrink, Grootfontein, Kleinbegin, Kleinbos, Noordbrug, Voorbaai, Weseinde, Warmbron, Koueberg*.

2.4.3.4 Plekname wat uit die **saamtrekking van sekere frases**, ens., bestaan, word aaneen geskryf, soos *Alkantrant, Altever, Ikbentevreden, Putsonderwater, Soekmekaar, Tergniet*. Die naam *Wag-'n-bietjie* hoort ook onder hierdie groep maar word ter wille van die oorsigtelikheid met koppeltekens geskryf. Waar sulke frases egter uit 'n werkwoord plus 'n

(Note.—Where ambiguity is to be avoided in cases where the second element is not a proper name, e.g. in (possible) cases such as *Lui-perd* (=lit. lazy horse) which otherwise would not be distinguishable from *Luiperd* (=leopard), only a hyphen is used.

- 2.4.3.3 Any distinguishing or contrastive addition, such as *Agter, Voor; Bo, Boven, Onder, Onderste; Klein, Groot; Nieu, Nuwe, Ou* (see 2.4.3.1 (i) above); *Noord, Suid; Oos, Wes; Warm, Koue*, preceding or following an independent place name to which it refers is joined to the name by a hyphen, e.g. *Agter-Sneeuberg, Bo-Tautesberg, Klipaar-Bo, Klipaar-Onder, Waterval-Boven, Waterval-Onder, Onder-Kammanassie, Onderste-Brandwag, Klein-Drakenstein, Groot-Brakrivier, Koue-Bokkeveld, Nieu-Bethesda, Noord-Rand, Oos-Rand, Somerset-Oos, Riebeeck-Wes*.

(Note.—For the purposes of this rule it is not necessary for examples of both the members of a particular pair of contrastive additions to appear in the List, as happens in the case of names such as *Groot- and Klein-Drakenstein* and *Groot- and Klein-Marico*. There are cases where the examples in the List show that only one member of the pair of contrastive additions appears joined to a particular independent place name, e.g. *Klein-Homtini, Klein-Letaba, Klein-Papkuil*, as contrasted with *Homtini, Letaba, Papkuil*, without any addition, and a case such as *Groot-Jongensfontein* for which there is not even a plain *Jongensfontein* as a contrastive independent place name in the List.

What is of importance here is that there can be no doubt as to the presence of a real or an imaginary contrast in these cases, since such a contrast is at least implied in each particular case. Thus, for example, *Groot-Jongensfontein* implies at least a *Jongensfontein* which is smaller, and *Klein-Homtini* at least a *Homtini* which is bigger. For this reason an implied contrast cannot be said to provide less justification for the application of the hyphen rule in these cases than the explicit contrast in, for example, a case such as *Groot- and Klein-Marico*.)

What has been said here applies *mutatis mutandis* to all the distinguishing or contrastive additions mentioned above, e.g. *Agter/Voor, Bo/Onder, Noord/Suid, Oos/Wes*.

If, however, such additions occur before an ordinary word which is not an independent place name, the name has usually been written solid, e.g. *Bovlei, Onderkop, Onderstedorings, Onderstepoort, Grootdrink, Grootfontein, Kleinbegin, Kleinbos, Noordbrug, Voorbaai, Weseinde, Warmbron, Koueberg*.

- 2.4.3.4 Place names formed by the **contraction of certain phrases, etc.** are written solid, e.g. *Alkantrant, Altever, Ikbentevreden, Putsonderwater, Soekmekaar, Tergniet*. The name *Wag-'n-bietjie* belongs to this group, but is written with hyphens to make the parts easily distinguishable. However, where such phrases consist of a verb plus an infinitive or a substantivised

indefinite uit 'n gesubstantiveerde indefinite plus 'n werkwoord bestaan, word hulle los van mekaar geskryf, bv. *Aanhou Hoop, Aanhou Wen, Help Soek, Kom Kyk* (ou uitgawe: *Helpsoek, Komkyk*).

Plekname wat uit 'n werkwoord in die gebiedende wys plus 'n bywoord bestaan, word deurgaans aaneen geskryf, bv. *Houdkonstant, Keerbo, Komnader, Komweer, Kykuit, Mikhoog, Rusnou, Spanuit, Staansaam, Trapvas, Wagnou*.

2.4.3.5 Die 1951-komitee het onder hierdie groep (2.4.3.4) een geval, *Bloksekolk*, gehad wat moes dien as 'n voorbeeld van verbinding met possessiewe *se* tussen die woorde. Daar was destyds 'n tiental van hierdie tipe name, waaronder *Beckseplaas, Bokseplaas, Boksester, Kameelsekraal, Kootsekop*. Sedertdien is daar so 'n duisternis van hierdie tipe name, veral in die Opmetingslyste, en in soveel verskillende moontlike en onmoontlike vorme van verbinding, aan die Komitee voorgelê dat hy besluit het om alle plekname van hierdie tipe los te skryf oral waar daar geen twyfel oor die possessiewe aard van die *se* in die naam bestaan het nie, dus: *Beck se Plaas, Bok se Stert, Booi se Kraal, Koot se Kop, Lof se Dam*, ens. In 'n paar gevalle waaroor daar twyfel bestaan, word die ou skryfwyse behou, bv. *Nietsebult, Wieseplaas*. (Die geval *Manselig*, 'n omkering van die komponente van die persoonsnaam Seligman, val natuurlik nie onder hierdie groep nie.) 'n Verwante geval waar possessiewe *s'n* op die naam volg, word ook los geskryf, bv. *Anna s'n*.

2.4.3.6 Name bestaande uit 'n **voornaam en 'n familienaam**, of uit 'n **familienaam met voorvoegings**, soos *De, Du, Le, Van, Van der*, bv. *Charl Cilliers, Louis Trichardt, Paul Roux, Piet Retief, De Wet, Du Toit, Le Roux, Van Wyk, Van der Merwe*, word los geskryf met die enkele uitsondering *Delarey*.

2.4.3.7 By enkele name van **stede en dorpe** is dit gebruikelik om name soos in die voorgaande paragraaf behandel, aaneen te skryf met woorde soos *-burg, -dorp, -ville, -vlei*, bv. *Delareyville, Dewetsdorp, Paulpietersburg, Pietermaritzburg, Vanrhynsdorp, Vanwyksvlei*.

Soos in die geval van hierdie tradisionele name het die 1951-komitee besluit om hierdie praktyk nie alleen te aanvaar nie, maar dit sover moontlik toe te pas in al dergelike gevalle van toevoegings by persoonsname en gevolglik te skryf: *Dewaalshoop, Duplooyspan, Lerouxrivier, Vanalphensvlei, Vandermerwesrus, Vandeventerskraal, Vangendsrivier, Vanstadensrus, Vantonderskasteel*, ens. Sedertdien is daar egter soveel ontevredenheid oor hierdie praktyk van "verminking" van persoonsname uitgespreek, dat die Komitee onlangs besluit het om alle name waarvan die eerste deel bestaan uit die *van*, of die **voornaam en van**, of die **voorletters en van van 'n persoon** van die tipe met voorvoegings, soos *De Jager, Du Toit, Van Gend, Van der Merwe, Jan de Lange, J. C. van Tonder*, ongeskonde te behou in die vorm waarin hulle normaal geskryf word, tensy die betrokke persoon anders verkies, of 'n ander skryfwyse reeds tradisioneel geword het.

infinitive plus a verb, they are written open, e.g. *Aanhou Hoop*, *Aanhou Wen*, *Help Soek*, *Kom Kyk* (old edition: *Helpsoek*, *Komkyk*), etc.

Place names consisting of a verb in the imperative mood plus an adverb are regularly written as one word, e.g. *Houdkonstant*, *Keerbo*, *Komnader*, *Komweer*, *Kykuit*, *Mikhoog*, *Rusnou*, *Spanuit*, *Staansaam*, *Trapvas*, *Wagnou*.

**2.4.3.5** In this group (2.4.3.4) the 1951 edition had one case, *Bloksekkolk*, intended to serve as an example of the styling of combinations with the possessive *se* between the words. At that time there were about ten names of this type, among others *Beckseplaas*, *Bokseplaas*, *Boksestert*, *Kameelsekraal*, *Kootsekop*. Since then names belonging to this group, especially in the Surveys lists, have been submitted to the Committee in such numbers and in such a variety of possible and impossible forms of combination that it has decided to write such names open in all cases where there is no doubt as to the possessive nature of the *se* in the name, thus: *Beck se Plaas*, *Bok se Stert*, *Booi se Kraal*, *Koot se Kop*, *Lof se Dam*, etc. In a few doubtful cases, the old styling has been retained, e.g. *Nietsebut*, *Wieseplaas*. (The case *Manselig*, an inversion of the components of the personal name Seligman, naturally does not fall in this group). A related case, where the possessive *s'n* follows the name, is also written open, e.g. *Anna s'n*.

**2.4.3.6** Names consisting of a **first name and a surname** or of a **surname containing prefixed parts** like *De*, *Du*, *Le*, *Van*, *Van der*, e.g. *Charl Cilliers*, *Louis Trichardt*, *Paul Roux*, *Piet Retief*, *De Wet*, *Du Toit*, *Le Roux*, *Van Wyk*, *Van der Merwe*, have been written open, with the single exception of *Delarey*.

**2.4.3.7** In the case of some names of **cities and towns** it became customary to write names similar to the preceding ones solid in combinations containing words like *-burg*, *-dorp*, *-ville*, *-vlei*, e.g. *Delareyville*, *Dewetsdorp*, *Paulpietersburg*, *Pietermaritzburg*, *Vanrhynsdorp*, *Vanwyksvlei*.

As in the case of these traditional names, the 1951 Committee decided not only to accept this practice but to extend it to all similar cases of additions to personal names, hence, *Dewaalshoop*, *Duplooyspan*, *Lerouxsrivier*, *Vanalphensvlei*, *Vandermerwesrus*, *Vandeventerskraal*, *Vangendsrivier*, *Vanstadensrus*, *Vantonderskasteel*, etc. Since then, however, so many people have expressed their dissatisfaction with this practice of "mutilating" personal names that the Committee has recently decided to leave intact, in the form in which they are normally written, all names of the type with additions, the first part of which is the surname, or the first name and surname, or the initials and surname of a person, such as *De Jager*, *Du Toit*, *Van Gend*, *Van der Merwe*, *Jan de Lange*, *J.C. van Tonder*, etc., unless the person concerned prefers it otherwise, or another styling has already become traditional.

Intussen is 'n aantal name ooreenkomstig hierdie besluit goedgekeur, bv. *Da Gamaskop, Van der Hoffpark, Van Riebeeckpark*, en die Komitee het besluit om dieselfde (los) skryfwyse toe te pas in die geval van die meerderheid van name van hierdie tipe in die nuwe Lys; dus word *Deklerkshof, Dutoitsvlakte, Legrangesdam, Vanblerkskraal, Vandermerwes-kroon, Vangendsrivier*, ens., onderskeidelik *De Klerkshof, Du Toitsvlakte, Le Grangesdam, Van Blerkskraal, Van der Merwes-kroon, Van Gendsrivier*, ens. Die tradisionele skryfwyse van enkele welbekende plekname, soos *Delareyville, Dewetsdorp, Dutoitskloof, Vanderbijlpark, Vanrhynsdorp*, is egter behou. (*Van der kloof* in *Vanderkloofdam* is nie 'n persoonsnaam nie, maar kunsmatig saamgestel uit *Van der* (*Walt*) en (*Oorlogs*)*kloof*.)

By name met voorname, maar sonder voorvoegings soos hierbo, word die voornaam reeds los van die verbindings wat daarop volg, geskryf, bv. *Klaas Voogdsrivier, Eric Louwburg, Hendrik Verwoerddam*. Kunsmatig saamgestelde name, soos *Pietermaritzburg* (uit *Piet Retief* en *Gerrit Maritz*) en *Paulpietersburg* (uit *Paul Kruger* en *Piet Joubert*), is uitsonderings op hierdie reël.

**2.4.3.8** Waar plekname uit twee **familiename** bestaan, is dit gebruikelik om hulle aaneen te skryf, bv. *Fauresmith, Raslow, Roossekalk*. Waar die tradisie egter sterk is om die name met 'n koppelteken te verbind, word dit erken, bv. *Graaff-Reinet, Schweizer-Reneke*.

**2.4.3.9** Plekname wat 'n **telwoord voor 'n meervoudsvorm** bevat, word los geskryf, bv. *Drie Dorings, Drie Klawers, Drie Strome, Twee Riviere, Veertien Strome*. **Voor 'n enkelvoudsvorm** word so 'n telwoord egter vas geskryf, bv. *Drieankerbaai, Driefontein, Eending, Eenbeker, Negefontein, Sesfontein, Tweespruit, Vyfhoek*.

**2.4.3.10** 'n Aantal **los verbindings** word los geskryf, bv. *Berg agter die Huis, Hoek van die Berg, Hoop de Goede, Hoop van Afrika, Koppie Alleen, Koppie Enkel, Laggende Water, Om die Berg, Onder die Berg, Op die Tradou, Rust de Winter, Stywe Lyne, Voël Alleen, Vrolike Ellie, Woes Alleen, Wyk Een*, waarby net die hoofwoorde met hoofletters geskryf word (vgl. 2.4.3.4 hierbo).

(Opm.—Die naam *Singaleen* is 'n vervorming van die Bantoewoord *Singoleng* (=waterpoel) en val derhalwe nie onder die groep name met *Alleen* (los en met 'n hoofletter geskryf) as die tweede deel nie.)

In die 1951-uitgawe kom die voorbeeld *Rus en Vrede* onder hierdie groep voor. Die huidige Komitee het egter met die oog op die uitskaking van onnodige inkonsekwensies, soos *Haak-en-Steek, Bos-en-Berg, Hoog-en-Droog* en *Rant-en-Dal*—met koppelteken, en *Bergendal*—sonder koppelteken, besluit om gevalle van hierdie tipe oral met koppeltekens te skryf, dus: *Berg-en-Dal, Bos-en-Berg, Hoog-en-Droog, Rus-en-Vrede*, ens., volgens die patroon van gevalle soos *Haak-en-Steek* in die 1951-uitgawe.

A number of names have since been approved in conformity with this decision, e.g. *Da Gamaskop*, *Van der Hoffpark* and *Van Riebeeckpark*, and the Committee has decided to apply the same (open) styling in the case of the majority of names of this type in the new List; thus *Deklerkshof*, *Dutoitsvlakte*, *Legrangesdam*, *Vanblerkskraal*, *Vandermerweskroon*, *Vangendsrivier*, etc., become *De Klerkshof*, *Du Toitsvlakte*, *Le Grangesdam*, *Van Blerkskraal*, *Van der Merweskroon*, *Van Gendsrivier*, etc., respectively. The traditional styling of a few well-known place names, such as *Delareyville*, *Dewetsdorp*, *Dutoitskloof*, *Vanderbijlpark*, *Vanrhynsdorp*, has however been retained. (*Van der kloof* in *Vanderkloofdam* is not a personal name but artificially compounded from *Van der* (Walt) and (Oorlogskloof.)

Names with first names, but without additions such as the above, are written open, i.e. with the first name separate from the other combinations following it, e.g. *Klaas Voogdsrivier*, *Eric Louwburg*, *Hendrik Verwoerddam*. Artificially coined names, such as *Pietermaritzburg* (from *Piet Retief* and *Gerrit Maritz*) and *Paulpietersburg* (from *Paul Kruger* and *Piet Joubert*), are exceptions to this rule.

**2.4.3.8** In place names consisting of **two surnames**, it is customary to write them solid, e.g. *Fauresmith*, *Raslouw*, *Roosenekal*. However, in cases where, by strong tradition, the parts are customarily joined by a hyphen, this styling is recognised, e.g. *Graaff-Reinet*, *Schweizer-Reneke*.

**2.4.3.9** Names containing a **numeral before a plural form** are written open, e.g. *Drie Dorings*, *Drie Klawers*, *Drie Strome*, *Twee Riviere*, *Veertien Strome*. Before a singular noun such a numeral is joined to the noun, e.g. *Drieankerbaai*, *Driefontein*, *Eending*, *Eenbeker*, *Negefontein*, *Sesfontein*, *Tweespruit*, *Vyfhoek*.

**2.4.3.10** A number of **loose combinations** are written open, e.g. *Berg agter die Huis*, *Hoek van die Berg*, *Hoop de Goede*, *Hoop van Afrika*, *Koppie Alleen*, *Koppie Enkel*, *Laggende Water*, *Om die Berg*, *Onder die Berg*, *Op die Tradou*, *Rust de Winter*, *Stywe Lyne*, *Voël Alleen*, *Vrolike Ellie*, *Woes Alleen*, *Wyk Een*. Capital letters are used for the main words only (cf. 2.4.3.4 above).

(Note.—The name *Singaleen* is a transformation of the Bantu word *Singoleng* [pool (of water)] and therefore does not belong to the group of names having *Alleen* (written open with a capital letter) as the second part.)

In the 1951 edition *Rus en Vrede* was given as an example in this group. With a view to the elimination of unnecessary inconsistencies, such as *Haak-en-Steek*, *Bos-en-Berg*, *Hoog-en-Droog*, *Rant-en-Dal*—hyphenated, and *Bergendal*—solid, the present Committee has decided to write all cases of this type hyphenated, thus: *Berg-en-Dal*, *Bos-en-Berg*, *Hoog-en-Droog*, *Rus-en-Vrede*, etc., patterned on cases such as *Haak-en-Steek* in the 1951 edition.

2.4.3.11 'n Groot reeks name met die **bepalende lidwoord** *Die* of sy Nederlandse ekwivalente *De* en *Het* word, veral in die Opmetingslyste, vir goedkeuring aan die Komitee voorgelê. Die vraag het hier ontstaan of, vir doeileindes van alfabetisering, die lidwoord in sommige gevalle nie weggelaat kan word nie. Die Komitee het beslis:

(a) dat die lidwoord behou word—

(i) in gevalle van Nederlandse name, bv. *De Gracht, De Kuilen, De Doorns, Het Kruis, De Witte Krans*;

(ii) in gevalle van Afrikaanse name waar die lidwoord gevolg word deur 'n simpleks, enkelvoud of meervoud, bv. *Die Draai, Die Bakke, Die Tuine*;

(iii) in gevalle van name waar die lidwoord gevolg word:

— deur 'n naam bestaande uit 'n werkwoord plus 'n selfstandige naamwoord, bv. *Die Spuitgate, Die Blaasbalk, Die Preekstoel*,

— deur 'n naam bestaande uit 'n bywoord plus 'n werkwoord, bv. *Die Uitkyk*,

— deur 'n naam bestaande uit 'n verboë byvoeglike naamwoord plus 'n selfstandige naamwoord, los van mekaar geskryf, bv. *Die Hollandse Saal, Die Onderste Aar*,

— deur 'n naam bestaande uit 'n telwoord plus 'n selfstandige naamwoord, bv. *Die Sewe Susters, Die Sesmyl* (sien ook 2.4.3.9 hierbo),

— deur *Ou* (waar *Ou* meer 'n beskrywing as deel van die naam is) plus 'n substantief of 'n gesubstantiveerde adjektief wat op 'n rivier betrekking het, bv. *Die Ou Elands, Die Ou Hex, Die Ou Mooi, Die Ou Vaal, Die Ou Brak*:

(b) dat die lidwoord weggelaat kan word in gevalle waar dit gevolg word deur 'n naam bestaande uit 'n selfstandige naamwoord plus 'n selfstandige naamwoord, bv. *Vensterklip* (vir *Die Vensterklip*), *Perdebaken* (vir *Die Perdebaken*), *Volstruisplaat* (vir *Die Volstruisplaat*) en 'n naam bestaande uit 'n byvoeglike naamwoord, verboë of onverboë, en 'n selfstandige naamwoord aaneen geskryf, bv. *Rooiwalle* (vir *Die Rooiwalle*), *Skurwekoppe* (vir *Die Skurwekoppe*).

2.4.3.11 A large group of names preceded by the **definite article** *Die* or its Dutch equivalents *De* and *Het*, especially in the Surveys lists, are submitted to the Committee for approval. The question has arisen whether, for the purposes of alphabetical listing, the article could be omitted in some cases. The Committee has decided:

(a) that the article be retained—

- (i) in the case of Dutch names, e.g. *De Gracht, De Kuilen, De Doorns, Het Kruis, De Witte Krans*;
- (ii) in the case of Afrikaans names where the article is followed by a simplex, singular or plural, e.g. *Die Draai, Die Bakke, Die Tuine*;
- (iii) in the case of names where the article is followed:
  - by a name consisting of a verb plus a substantive, e.g. *Die Spuitgate, Die Blaasbalk, Die Preekstoel*,
  - by a name consisting of an adverb plus a verb, e.g. *Die Uitkyk*,
  - by a name consisting of an inflected adjective plus a substantive, written open, e.g. *Die Hollandse Saal, Die Onderste Aar*,
  - by a name consisting of a numeral plus a substantive, e.g. *Die Sewe Susters, Die Sesmyl* (see also 2.4.3.9 above),
  - by *Ou* (where *Ou* is descriptive rather than a part of the name) plus a substantive or a substantivised adjective relating to a river, e.g. *Die Ou Elands, Die Ou Hex, Die Ou Mooi, Die Ou Vaal, Die Ou Brak*;

(b) that the article may be omitted in cases where it is followed by a name consisting of a substantive plus a substantive, e.g. *Vensterklip* (for *Die Vensterklip*), *Perdebaken* (for *Die Perdebaken*), *Volstruisplaat* (for *Die Volstruisplaat*) and a name consisting of an adjective, inflected or uninflected, and a substantive, written solid, e.g. *Rooiwalle* (for *Die Rooiwalle*), *Skurwekoppe* (for *Die Skurwekoppe*).